Kindernagmaal: Notas.

Tydens die 72e AKV was my beswaar teen die voorgestelde wysiging om kinders tot die nagmaaltafel toe te laat, die volgende:

** watter invloed gaan die voorgestelde wysiging hê op:

1. die kategese ?
2. Lidmaatskap in die algemeen?

Wat betref kategese die volgende:

a. Die NHKA se huidige kategese program word afgesluit met die aflegging van geloofsbelydenis wat uitloop op die gebruik van die sakrament van die nagmaal.
   ** Alhoewel die nagmaal nie 'n beloning vir voltooiing van kategese gesien kan word nie, is die gebruik in die NHKA nog altyd dat toelating tot die nagmaal vir baie as 'n afsluiting van kategese gesien word en vir ouers as die voltooiing van hulle doopbelofte.
   ** In die opsig is die aflegging van geloofsbelydenis en die eerste nagmaal 'n hoogtepunt.
b. Die NHKA se hudige kategese program is gebaseer op die doop as 'n verbondsteken met die kategese wat dien as die kerk se onderig tov geloofsvorming van jonglidmate.
c. Die doopbelofte van die doopouers sluit die voorneme in om die kinders te onderig en te laat onderig wat dan die kategeseprogram van die NHKA insluit.
d. Sou kinders dan toegelaat word om reeds op 'n baie jonger ouderdom deel te neem aan die nagmaal, watter invloed gaan dit hê op die kategese?
e. Tydens die 72e AKV se studiestukke was daar ook nie duidelikheid oor:
   i. Die ouderdom waarop kinders gaan begin deelneem aan die nagmaal nie.
   ii. Die wysiging in die kategese nie.
   ** Hierop behoorte duidelike riglyne gegee te word alvorens besluite geneem kan word.

Wat betref lidmaatskap die volgende:

a. Gaan daar 'n wysiging kom met betrekking tot lidmaatskap van die NHKA ?
b. Indien kinders sonder belydenis van geloof aan die nagmaal kan deelneem, sal dit ook beteken dat enige persoon van enige kerk of geloofsoortuiging dan ook kan deelneem aan die nagmaal en dan ook die doop.
c. Watter invloed gaan dit hê op ons lidmaatskap ? Gaan bewyse van lidmaatskap dan nog bestaan?
d. Gaan daar 'n wegbeweeg kom van lidmaatskap na "fellowship" en watter invloed gaan dit hê op ons huidige kerkmodel?
e. Gaan ons werk met verskillende kategoerië van lidmaatskap?

Slotopmerinkgs:

a. My vrae is dus meer prakties as dogmaties georiënteerd.
b. Ek dink die werkgroep wat met die kategesehandleidings werk, behoort betrek te word.
c. Met dit alles gesê moet ons erken dat groot mense in baie gevalle nie baie erns maak met nagmaal nie. Baie nagmaalsondae is mense afwesig in die erediens.